

# Tussen die dooies gereken

Teks: Lukas 9: 51 - 62 & Sondag 16

Teksvers: Lukas 9: 60

## 1. Inleiding

In ons leerdiens vandag val die fokus op die feit dat Christus begrawe is. Ons fokus val op vraag en antwoord 41 van Sondag 16 van die Kategismus. Maar het u al nagedink oor die feit dat Christus begrawe is? Hoekom is Christus begrawe? Ons het in die geskiedenis, ja selfs onlangs gesien dat kultus leiers nie begrawe word nie. Hulle word dan nie begrawe omdat daar gedink word dat hulle uit die dood sou opstaan. Of dalk miskien dat hulle nooit eintlik gesterf het nie. Dikwels oortuigings wat uitvloeit uit die dwaalleer wat hulle verkondig het.

Maar terug by die Here Jesus Christus, waarom is Hy dan begrawe? Is dit bloot die ongeloof van Sy navolgers? Die feit dat hulle nie oortuig was dat Hy sal opstaan uit die dood nie. Want daar is tog so 'n finaliteit in 'n begrafnis. Ja, sielkundiges onderskryf selfs die waarde wat daar in 'n fisiese afskeid van 'n begrafnis in die grond lê. Maar hoekom is hierdie begrafnis van die Here dan so belangrik dat ons dit elke Sondag bely tydens ons geloofsbelydenis.

Ons teksgedeelte werp meer lig op die dood en die dooies. Christus se skerp teregwyding op die antwoord van iemand wat tot diens in die koningryk geroep word, vorm ons teksvers vandag. Jesus sê vir die man: Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan verkondig jy die koningryk van God. Wat openbaar Christus met hierdie woorde? Want die dood is tog ook vir ons vandag 'n werklikheid. Maar in die verlossende sterwe en opstanding van Christus het die dood vandag vir ons 'n nuwe betekenis. Kom ons verduidelik verder.

## 2. Die dooies en die lewendes

Met die uitspraak van Christus in ons teksvers word die mensdom in twee duidelike groepe verdeel. Aan die eenkant het ons die lewendes en aan die ander kant die dooies. Natuurlik kan die hierdie vers nie verstaan word in 'n biologiese sin van die woord nie. Want iemand wat biologies dood is, kan tog nie iemand anders gaan begrawe nie. Maar daar is mense wat letterlik dood rondloop om ons. Dit werk soos volg.

Wanneer die geloof deur die Heilige Gees in 'n mens gewerk word, dan word so 'n persoon wedergebore. So 'n persoon is dan lewend. En soos ons ook in vraag 42 bely is die dood vir so 'n persoon dan nie die betaling vir sy sonde nie, maar slegs 'n afsterwe van die sonde en 'n deurgang tot die ewige lewe. So 'n persoon is dan deel van die groep lewende mense, wat nou al reeds die ewige lewe begin lewe.

Maar die groep dooie mense, is die geestelike dooie mense. Mense wat die Verlossing in ons Here Jesus Christus verwerp. En weereens in lyn met vraag 42 is dit dan mense wat reeds besig is om te sterf. En wie se sterwe op die einde 'n betaling van hulle sonde is.

Hierdie mense is so besig met die hier en nou dat hulle nie eers vir Jesus raaksien nie. Soos in die eerste gedeelte van ons teksgedeelte. Daar waar 'n samaritaanse dorp nie plek het vir Jesus nie. Omdat hulle so vasgevang is in die debat of daar op die berg of in Jerusalem aanbid moet word. Mis heeltemal die Verlosser. Hulle bly voortleef as mense wat alreeds begin sterf.

## 3. Christus tussen die dooies

Met 'n kleingroepie mense is dit anders en ons sien dit in vers 59 en ons teksvers wat

daarop volg. Christus kom roep 'n spesifieke man uit die hierdie groep dooie mense. Hy roep hom om die koninkryk te gaan verkondig. Die fout wat ons miskien dikwels maak is om te dink dat mense eenvoudig doelloos en passief rondgesit het tot Jesus hulle geroep het in die eerste eeu.

Ja die man het nou wel saam met die volgelinge van Christus in daardie spesifieke omgewing rondbeweeg. Maar hy was steeds deel van 'n gemeenskap. Daar was kulturele gebruike in sy familie wat hy moes nakom. Een so gebruik onder die jode van die eerste eeu was om as oudste seun, naby aan jou vader te leef in sy laaste tyd. Op hierdie manier kon jy hom versorg. Maar ook die sy seën en jou regmatige erfporsie ontvang. 'n Ander gebruik was op jou ouer te begrawe en dan weer na 'n jaar die beendere op te grawe en te herbegrawe.

Verlof tot watter gebruik hierdie seun versoek is nie duidelik nie. Maar wat wel duidelik is, is dat hierdie man so 'n hoë prioriteit op sy aardse vader en familie plaas, dat die koninkryk maar eers bietjie terug moet staan. Hy sal dit miskien doen as al sy familie verpligtinge afgehandel is. Maar is Christus nie besig om teen die vyfde gebod in te leer nie? Nee, Jesus is nie besig om die eer wat hierdie man aan sy vader wil bewys waardeloos te maak nie. Maar die koninkryk van die Here moet altyd 'n hoër waarde hê. Anders is ek net besig om dooie dinge na te jaag, terwyl ek ook geestelike dood is.

Uiteindelik is dit hierdie groep dooie mense, waarvan Christus moes deel word. En dit is waarvan Sy begrafnis ook getuig: 'n Lewe en prioriteite wat uiteindelik in die graf eindig.

#### **4. Sodat ek tussen die lewendes kan wees**

Die vraag bly waarom Christus tussen hierdie dooies gereken moes word. Die antwoord is dat ons deel was van hierdie

dooie mense. Ons was almal mense wat maar net voortdurend die bese bedink en gedoen het. En Christus kon nie net buite staan en ons uitroep uit die groep dooie mense nie. Wanneer 'n mens onder die toorn en oordeel van die Vader staan is dit nie so eenvoudig nie.

Want die mens vasgevang in sonde is werklik dood. Hy is nie in staat om enigiets vir sy eie redding te doen nie. Iemand wat dood is kan homself nie lewend maak nie. Maar die Vader het ons te lief gehad. daarom stuur Hy Sy eniggebore Seun na die mensdom. Ons Here Jesus Christus word mense en kom leef 'n perfekte lewe, sonder enige sonde. Maar dan sterf Hy ook.

En die sterwe van Christus is volgens vraag 42 wel 'n betaling vir sondes. Maar dan uiteraard nie natuurlik nie betaling vir Sy eie sondes nie. Wat Christus het geen sonde nie. Dit is dan 'n betaling vir ons sondes. Dus kom word Christus deel van 'n hierdie dooie lewe waarin ons vasgevang was. Hy word deel tot in die uiterste, hy sterf en word begrawe.

Sodat hy ons kan saam neem toe Hy die dood oorwin het en opgestaan het. Sodat die dood nie meer vir ons 'n betaling vir ons sonde is nie, maar 'n deurgang na die ewige lewe.

#### **5. Slot**

Ons kan afsluit deur terug te verwys na die eienaardige verbintenis tussen ons kategismus en teksgedeelte vandag. Wat het Christus se veroordeling van die dood, dan te doen met Sy eie sterwe? In die prediking vandag het ons duidelik die verband gesien. 'n Aspek wat nog altyd sentraal aan die Christelike geloof lê. Dit is die idee dat ek nie net kan praat nie, maar ook moet doen. Christus het het kom doen, tot aan die bittere einde.

Maar hierdie boodskap roep ons ook tot selfondersoek vandag. Een ding wat duidelik is in ons teksgedeelte vandag is Christus se benadering tot

koninkrykswerk. Hy het nie soos 'n Verkoopsman mense binne in die geloof gemanipuleer nie. Jesus het nie die eise van 'n Goderende gelooflewe versag om maar akkommodeerend te wees nie. Nee Hy hou die waarheid voor. Soos Hy ook sê in Mattues 10: 34 & 35: <sup>34</sup>“Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie maar die swaard. <sup>35</sup>Ek het gekom om tweedrag te bring ‘tussen 'n man en sy vader en tussen 'n dogter en haar moeder, tussen 'n skoondogter en haar skoonmoeder;

Maar ten slot van sake maak Jesus dit duidelik in ons teksvers, dat daar baie dooie mense is. Geestelike dooie mense wat hulle kan besig hou met dinge van die wêreld. Dink mooi daarvoor. Geen sport, ontspanning of skole onderseuningsklub hoef ooit te sukkel met vrywilligers nie. Daar is genoeg mens om aan die prioriteite van die wêreld aandag te gee. Maar jy gaan verkondig jy die koningryk van die Here.

Dit is waar Christus gesterf het en begrawe is. Maar ook opgestaan het. Sodat ons verlos kan wees van 'n dooie lewe in 'n dooie samelewing. Kom ons gaan verkondig die koninryk van die Here, juis in 'n moeilike tyd soos vandag waarin dit so nodig is.

Amen